# Hey! Brokkies Nuus
# 27 Februarie 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Soveel om te deel die laaste 4 en 'n half weke : "we are blessed" !!

## Wat het intussen alles gebeur ?



Lochies speel en leer Skrif-dis pret!



**1. Lochieland vat vlam! :** Op 1 en 2 Februarie het die 33 verskillende gr1 tot 7 klasse afgeskop by Lochnerhof laerskool in die Strand.Die gr4 tot 6 groep het 'n "launch" in die saal gehad waar die vrolike partytjietafel en toneeltjies hulle genooi het om deel te wees van die Hemelse party waarna almal uitgenooi is. Foto wys entoesiasitiese vrywilligers wie opleiding deurloop het en nou weeklikse aanbiedings daar doen op Woensdae en Donderdae oggende. BAIE dankie julle!

**2. GOD LAAT GROEI!** In 2009 het ek met groep by Somerset -Wes primer, plaas kinders van Perel projek en 2 klasse by Beaumont begin, dus 4 klasse en huidiglik is daar 55 verskillende weeklikse klasse wat deur verskillende persone in Wes-Kaap gefasiliteer word. Ek staan net in verwondering teenoor ons Hemelse Vader wie werkers vir die oes inbring asook vir getroue befondsing van donateurs sodat ons kinders kan bereik met die Goeie Nuus van Jesus. **3.Wat van die "Golden Oldies"?** Noudat die meeste admin en vroeg jaar atletiek e.a. suksesvol afgehandel is by skole is die weeklikse aanbiedings weer volstoom aan die gang by Lawrencia laer in De Novo, Somerset-Wes primer, De Hoop en Beaumont in Somerset-Wes en die Pêrel projek se kinders op Rustenhofplaas. Ouderdom spesifieke kurrikulums word gebruik by die skole. By De Hoop en Summies word baie van spel gebruik gemaak om ervaring in speletjie deur te trek na lewensituasies en waarhede uit die Skrif sluit dan aan hierby. Verlede week het baie kinders by De Hoop'n keuse vir Jesus gemaak, bid vir hul groei asb! By al die klasse word Bybelverse elke week geleer. Die Woord van God is ons swaard!



Mag hierdie Summies geestelik groei net soos hul plantjies waarop hulle so trots is!

Christus is Koning (CiK) by De Hoop !



**4. Hoop vir Kinders opleiding in Strand:** Belinda het 10 mense opgelei om by Lochnerhof en Beaumont Hoop vir Kinders klasse te kan aanbied. Ons word bederf met "great"mense wie Hey! se hande en voete is. Ons bid dat elkeen betrokke by Hey! baie seën sal ervaar en die Heilige Gees se leiding ontvang vir hierdie belangrike taak van Koningkryks uitbreiding!



"Awesome" mense wie opgelei is ♥



Beaumont "Ticket 2 Heaven"produksie span !

Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299